Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
montagu.prim@wcgschools.gov.za
www.laerskoolmontagu.net
023 614 1640

MONTIENUUS

17 Julie 2024
OB 24

Beste Ouers

Die derde kwartaal het goed begin en toe 'n onverwagse draai gegooi met die sluiting verlede Donderdag en Vrydag. Ons besef die WKOD het die veiligheid van leerders in die breë in ag geneem in hul besluitneming. Ons kon met dankbaarheid al ons leerders terugverwelkom by die skool. Ons personeel het ook heerlik gerus en is vuur en vlam vir die nuwe kwartaal. Die personeel sal seker maak dat die akademie beplan vir die twee dae, wel ingehaal word.

Brain Tribe besoek ons skool weer hierdie week. Ons is opgewonde oor die bekendstelling aan die graad eens en vertrou hulle is ook opgewonde hieroor. Die graad viers ontvang die opleiding vir die Intermediêre leerders en hulle was behoorlik opgewonde om die span weer te sien. Gesels asb. met u kind hieroor, *Google Brain Tribe* indien u kan en luister saam met u kind na die liedjies.

Die akademiese toekennings (gr. 4 -7) vir die tweede kwartaal word eerskomende Vrydag toegeken. Baie geluk aan elke Montie wat hard gewerk het en akademies presteer het. Dankie aan elke ander leerder wat elke dag sy/haar beste lewer.

Verskeie leerders het gedurende die vakansie gaan deelneem aan verskillende kompetisies en uitstekend gevaar. Dankie dat hulle ook die Monties se naam hoog gehou het deur hul optrede.
U sal elders in die Montienuus meer kan lees oor hierdie aktiwiteite.

Ondersteun asb. ons skool deur die wedstryde by te woon, indien moontlik. Ons het die kwartaal afgeskop met die Volschenk Sportdag waar van die senior spanne deelgeneem het. Die Ashton Pikkie Sportdag moes ongelukkig uitgestel word en ons sal 'n nuwe datum deurgee sodra dit gefinaliseer is.

Ons vra u voorbidding vir al die aktiwiteite wat ons by die skool aanbied en vir die veiligheid van ons kinders by die skool en ook elders.

Beste wense vir die res van die week. Dankie vir u ondersteuning aan u kind.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Weektema:
Vriendelikheid
Brain Tribe:
Ou Koei: "Jou vriendelikheid het die krag om lewens van ander te verander"

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 3080

BELANGRIKE DATUMS

Woensdag, 17 Julie	Ouerbesoeke
Donderdag, 18 Julie	Mandeladag Rugby en netbal: Bonnievale Primêr (tuis)
Vrydag, 19 Julie	Saal: Akademiese toekennings (gr. 4 -7) Entrepreneurs: Prefekte GF Boeke huis toe
Saterdag, 20 Julie	Bonnievale Sportdag - Rugby en netbal
Dinsdag, 23 Julie	Noord-Boland o. 12 Rugbyproewe
Donderdag, 25 Julie	7's Langeberg Rugbyproewe (o. 13): LS Montagu Rugby en netbal: Bonnievale H/S (weg)
Vrydag, 26 Julie	Entrepreneurs: Gr3V LS Robertson Sportdag: Hokkie
Saterdag, 27 Julie	LS Robertson Sportdag: Rugby en netbal (o. 10-13)

Leerlingraad uitstappie na die DBV

Die Monties het in die tweede kwartaal ‘n gemeenskapsprojek geloods. Ons het kos en ander produkte vir die Winelands SPCA op Ashton ingesamel. Die Monties het mooi saamgewerk en ons het baie goedere ingesamel. Op 12 Junie het die leerlingraad die produkte vir die DBV geneem. Hulle het ook met die diere gespeel en hulle gevoer. Die leerlingraad het ‘n wonderlike ervaring gehad en wou al die diere saambring huis toe. Ons moedig almal aan om die Winelands SPCA op Facebook te gaan volg. Daar is baie diere wat huise soek.

Indien u hulle wil besoek of ‘n skenking wil maak kan u 023 615 2241 skakel.

Ons sê baie dankie aan elke ouer wat produkte en kos skool toe gestuur het. ‘n Spesiale dankie ook aan Marthie Venter en Checkers Robertson wat groot skenkings gemaak het vir hierdie goeie doel.

Uitslae – Volschenk Sportdag: 13 Julie 2024

NETBAL

Span	Uitslag	Speler van die wedstryd
o. 12A	Wen 2, verloor 3	Devoney Hugo, Shenay Makok
o. 13A	Verloor 3	Ilke van Deventer

RUGBY

Span	Uitslag	Speler van die wedstryd
o. 11A	Wen 2	Junius Baartman
o. 13A	Wen 2	Jenö Jacobs

Spanne wat Volschenk toe was, was nie ingeskryf vir Bonnievale Sportdag nie. Daar het 'n skool onttrek nadat die programme opgestel was. Na 'n versoek van Bonnievale het ons ingestem om die skool wat onttrek het, se tydgleuf te vul met die o.13A rugby en netbalspanne, sodat programme nie oor opgestel moes word nie. Die skool wat onttrek het sou net die o.13- spanne bring.

Spanne Bonnievale Primêr, Donderdag, 18 Julie 2024 (tuis)

Netbal: o. 7A, o. 8A, o. 9A, o. 10A, o. 11A, o. 12A, o. 13A
Rugby: o. 7A, o. 8A, o. 9A, o. 11A, o. 13 A

NB! Sportoefening Donderdag vir al die rugby- en netbalspanne in die aktiwiteitsperiode. Wedstryde begin na die sportoefeninge.

* * * * *

Spanne Bonnievale Sportdag, Saterdag, 20 Julie 2024 (weg)

Netbal: o. 7A+B, o. 8A+B, o. 9A+B, o. 10A+B, o. 11A+B, o. 13A
Rugby: o. 7A+B, o. 8A, o. 9A+B, o. 13A

MONTAGU JEUGKUNSTEFEES KUNS

Hieronder volg ‘n lys van die Monties se kunsinskrywings deur die skool. Baie geluk aan die volgende leerders!

Meriete

Ellie Bussell
Erik Harms
Gideon Uys
Khleo Sauls
Suna Bussell
Hailey Hanekom
Alaina Meyer
Ruvé Williams

Brons

Haydn Jacobs
Thyro Lekay
Deoné Engelbrecht
Ruth America
Lena Bussell
Lelothando Dumisani
Carli Jordaan
Lily-Rose Nel
Nicholas Hoofd
Elma Gous
Athayliah Hoffman
Amelia Beukes
Olivia Harms
Luca Shirley
Hakeem Storms
Kaira Fluks
Hope Muller
Jean-Kate Smit
Anzél Joubert
André Bosman
Mia Vorster
Cari Conradie
Charlissa Jordaan
Jenö Jacobs
Mikayla Stuart

Silwer

Autumn Davids
Riley Kitshoff
Klara Sadie
Anna Steyn
Luka Sadie
Akhanye Kewane

Goud

Luan Koekemoer – TROFEE

Baie geluk aan Luan Koekemoer wat die graad 7 trofee gewen het met sy kunswerk “Deur die oë van ‘n kind”.

Privaatinskrywings se uitslae moet asseblief teen **Vrydag, 26 Julie,** by **me. Otto** wees sodat dit ook in die Montienuus geplaas kan word. Dit sluit alle kunswerke in wat privaat ingeskryf is. Die skool het alreeds die uitslae van Art Bazaar. Dit is dus alle kunswerke behalwe die wat deur Art Bazaar ingeskryf is. Skryf asseblief u kind se naam en van en die uitslag neer.